‘Jeugwerkloosheid ’n tydbom’

Elaine Swanepoel

Arbeidswetgewing moet dringend hersien word om die tydbom wat jeugwerkloosheid en -armoede is te neutraliseer, sê dr. Frans Cronjé, hoof van die Instituut vir Rasseverhoudinge.

Statistieke Suid-Afrika (SSA) het die afgelope week ’n skokkende verslag bekend gestel oor die omvang en toename van armoede en werkloosheid onder jong mense. Dit toon minder as die helfte (48%) van jong mense in die land het in 2014 aktief aan die arbeidsmark deelgeneem.

“Die oorregulering van die mark maak dit onbekostigbaar om ongeskoolde arbeiders in diens te neem. Nou is jong mense sonder werk én sonder behoorlike opleiding omdat die gehalte en toegang tot hoër onderwys uiters beperk is,” sê Cronjé.

Dr. Louise van Rhyn, hoof van Partners for Possibility, ’n program wat sakeleiers en skoolhoofde help saamwerk om die gehalte van onderrig in skole te verbeter, waarsku die land gaan brand as die jeug se probleme nie dringend getakel word nie.

“Die uitdagings wat ons jeug beleef, is soos ’n kruitvat en ons besef nie hoe groot die probleem is nie.”

Die verslag toon die aantal jong mense met werk is 1,7 persentasiepunte minder as in 2009, terwyl deelname in die arbeidsmark onder volwassenes in dieselfde tyd met 0,6 persentasiepunte gestyg het.

Net ’n derde van jong mense (30%) is in 2014 in die arbeidsmark opgeneem, twee persentasiepunte minder as in 2009. Dit beteken 31 000 meer jong mense as in 2009 sit sonder ’n werk.

Teen 35% is die werkloosheidskoers hoër as die koers waarteen jong mense in die mark aangestel word.

Die verslag wys ook dat jong mense meer geneig is om in armoede te leef as ouer mense, meer onder misdaad deurloop en meer misdaad pleeg.

Cronjé sê die groot aantal werklose, arm en ongeskoolde jong mense in Suid-Afrika is ’n geweldige politieke gevaar.

“Dit maak die grond ryp vir politieke ekstremiste en sommige politieke partye buit die frustrasies van jong mense uit.”

Hy sê jong mense se lot maak ’n werklike bedreiging van “belaglike” uitsprake oor nasionalisering en grondvergrype en die gevaar bestaan dat dié dreigemente deurgevoer sal word.

“Die feit dat werkloosheid onder jong mense toeneem, is ’n teken dat die oorgang van apartheid na demokrasie nie suksesvol was nie.”

Volgens Theo Venter, politieke ontleder verbonde aan die Noordwes-Universiteit (NWU), is die groot aantal betogings en dienslewering-sproteste ’n simptoom van die probleem en kan ons verwag om meer daarvan te sien.

48%

’n Skokkende verslag toon minder as die helfte (48%) van jong mense het in 2014 aktief aan die arbeidsmark deelgeneem.

“Dit behoort vir ons ’n rooi vlag te wees. Die jeug is mismoedig en uitsigloos. Hulle sien dit gaan beter met die mense rondom hulle en hulle raak ongeduldig,” sê hy.

Cronjé sê om die probleem met jeugwerkloosheid binne tien jaar op te los, moet minstens ’n miljoen nuwe poste jaarliks geskep word.

Prof. Raymond Parsons van die NWU se sakeskool sê die hoë werkloosheidsyfer behoort ’n rooi lig vir die regering te wees, wat tans onderhandel vir ’n nasionale minimum loon.

“Wanneer laasgenoemde te hoog is, word die jeug uit die arbeidsmark uitgesluit.”

“Beleide soos die belastingsubsidie aan ondernemings wat jong mense in diens neem, is wel ’n goeie idee. Maar dit word nie reg toegepas nie,” sê hy.

Die ekonoom Mike Schüssler sê die lae gehalte van onderwys in die land berei jong mense nie voor op die arbeidsmark nie.

“Suid-Afrika is een van die lande wat die meeste van sy begroting aan onderwys bestee, en steeds lewer dit nie resultate nie.”

Van Rhyn sê in 80% van skole leer kinders nie behoorlik lees en skryf nie.

Venter sê die sektorale opleidingsowerhede (setas) was ’n duur eksperiment, maar het nie gewerk nie.

Hy sê die regering moet eerder weer kyk na subsidies vir maatskappye om werkers self op te lei.

Volgens Khathu Ramukumba, hoof van die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (Nyda), verlaat tussen 500 000 en 600 000 jong mense jaarliks die skool voor matriek.

“Setas doen nie genoeg om dié mense op te lei nie en hulle gaan verlore.”

elaine.swanepoel@rapport.co.za